Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MAART 2022

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

LEES & VERVANGING VAN WATERMETERS

Voordat jy wonder of jy té veel vir water betaal, lees eers hier

Overstrand se rekeninge-afdeling word oorval deur navrae oor waterverbruik, of die gebrek daaraan, soos weerspieël op munisipale rekeninge. Die munisipaliteit begryp dat fakturering vir waterverbruik soms verwarrend kan wees en het dit goedgedink om die volgende inligting onder die publiek se aandag te bring.

1) METERLESINGS

Ons gee toe dat die aanstelling van 'n nuwe diensverskaffer in Augustus 2021 nie gladweg verloop het nie, maar ons is vas oortuig dat hierdie probleme teen die einde van Maart 2022 opgelos sal wees.

'n Bron van kommer is egter dat sommige eienaars hulle nie steur aan ons versoek om te verseker dat hul watermeters toegangklik is nie. Daar word tans aktief daaraan gewerk om kwessies verwant aan ontoeganklike watermeters – veral dié op eiendomme wat geheel en al oorgroei is – aan te spreek en alle aanduidings is dat hierdie kwessie ook binnekort bygelê sal word.

Wat lesings betref, kan die munisipaliteit ook, danksy 'n gesofistikeerde stelsel, uitsonderlike gevalle moniteer en analiseer. Laasgenoemde is veral van belang aangesien Overstrand as 'n vakansiebestemming geag word wat beteken dat sommige eiendomme se okkupasie onvoorspelbaar is. Dit kan daartoe lei dat verbruikspatrone en die geldigheid van verbandhoudende uitsonderingsklassifikasies vir veral vakansiehuise nie altyd 'n betroubare prentjie skets nie.

Ter illustrasie, kyk na hierdie voorbeeld van fakturering vir waterverbruik op 'n vakansiehuis se rekening:

Verbruik in September weens okkupasie	=	4 kℓ
Verbruik in Oktober weens geen okkupasie	=	0 kℓ
Verbruik in November weens geen okkupasie	=	0 kℓ
Verbruik in Desember weens okkupasie	=	12 kℓ

Hierdie fiktiewe scenario waarvolgens 4 kℓ water in een maand en 0 kℓ in die volgende twee maande verbruik word gevolg deur 'n verbruik van 12 kℓ in die vierde maand illustreer dat dié patroon 'n piek/afwyking van meer as 100% tot gevolg sal hê. Dit beteken egter geensins dat die lesing verkeerd is nie aangesien die piek/afwyking aan wisselende okkupasievlakke toegeskryf kan word.

Let ook daarop dat werklike verbruik vir Desember eers in Januarie gefaktureer sal word en op die rekening vir daardie maand sal verskyn wanneer die lesing vir die tydperk beskikbaar is.

Benewens okkupasievlakke speel die datums tussen lesings ook 'n belangrike rol aangesien die stelsel voorsiening maak vir berekenings ooreenkomstig die aantal verbruiksdae. Dus, as die tydperk langer is, sal jou kℓ-eenhede-verbruik ooreenkomstig die glyskaal aangepas word om inkorrekte fakturering te verhoed. Byvoorbeeld, 45 dae se verbruik sal bereken word as 30 dae plus 'n verdere 15 dae teen die laer tarief op die glyskaal.

Teen hierdie agtergrond, versoek ons dus vriendelik dat jy eers jou maandelikse rekening noukeurig nagaan voordat jy dit bevraagteken deur veral aandag te skenk aan die aantal dae tussen lesings en jou eiendom se okkupasievlak vir daardie tydperk aangesien wisselings in laasgenoemde in die besonder liniêre projeksies en aannames onmoontlik maak.

Vir jou gerief word die beplande maandelikse datums vir meterlesings in Overstrand se onderskeie areas hieronder weerspieël. Let egter asseblief daarop dat hierdie datums onderworpe is aan weerstoestande en beskikbare kapasiteit en dat openbare vakansiedae en naweke, om vanselfsprekende redes, uitgesluit word.

2) METERVERVANGINGS

Te danke aan 'n gekoördineerde program wat onder toesig van Overstrand se direktoraat gemeenskapsdienste onderneem word, is meer as drieduisend watermeters ouer as 12 jaar reeds vervang.

Die uitsondering is Mount Pleasant waar vervanging tans plaasvind.

Dit is moontlik dat metervervangings 'n impak op meterlesings kan hê. Indien 'n piek sou opduik, sal dit egter oor die totale betrokke tydperk versprei en dienooreenkomstig gefaktureer word sodat die impak op verbruikers tot 'n minimum beperk kan word.

Ons doen 'n vriendelike beroep op verbruikers om nie betaling vir hul gemiddelde berekende verbruik te staak nie en om enige navrae so gou doenlik onder die munisipaliteit se aandag te bring. Besoek jou naaste munisipale kantoor of stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za.

AREA	Lesingsdatum / Maandelikse siklus Van	Tot
GANSBAAI		
Baardskeerdersbos	28	28
Birkenhead	28	28
Buffelsjag	12	12
Blompark	10	11
De Kelders	10	14
Franskraal	1	7
Gansbaai	1	7
Gansbaai Industriële Park	28	28
Kleinbaai	1	3
Masakane	13	13
Pearly Beach	1	7
Plase: Bredasdorp	12	12
Plase: Caledon	1	7
Grootmaatmeters	29	30
KLEINMOND		
Bettysbaai	1	15
Hangklip-eiendomme	1	15
Kleinmond	29	15
Kleinmond Uitbreiding	11	12
Overhills	11	12
Pringlebaai	1	15
Proteadorp	11	12
Rooiels	15	15
Plase: Caledon	1	5
STANFORD		
Stanford	1	5
HERMANUS		
De Bos-dam	4	6
Eastcliff*	9	12
Fisherhaven	7	8
Hermanus Beach Club	29	4
Hermanus Heights*	12	12
Hawston	4	6
Hermanus Industrieel*	29	30
Mount Pleasant	29	12
Mooisig	14	14
Northcliff*	4	8
Onrusrivier	11	12
Sandbaai	29	4
Voëlklip*	12	18
Vermont	9	10
Westcliff*	29	4
Zwelihle	29	4

Op julle merke, gereed, gaan!

Overstrand se beurshouers weerskante van Rdl. Arnie Africa: Mia Burgess, Liam Africa en Kyle Philander [links] en Ayakha Kamana, Xanti Mgoqi en Renaldo Dickson [regs]

'n Hele nuwe wêreld wag op ses begunstigdes wat, te danke aan beurse wat deur Munisipaliteit Overstrand in medewerking met die Wes-Kaapse regering moontlik gemaak is, nou hul drome kan verwesenlik om in hul gekose studierigtings uit te blink. Vier van die beurshouers – Mia Burgess (Gansbaai), Renaldo Dickson (Stanford), Liam Africa (Hawston) en Kyle Philander (Mount Pleasant) – gaan hulle studies voortsit, terwyl twee nuwe begunstigdes, albei van Zwelihle, by dié groepie aangesluit het, naamlik Xanti Mgoqi en Ayakha Kamana.

Die beurse dek registrasie- en klasgelde sowel as akkommodasie en is beskikbaar vir verdienstelike studente wat 'n loopbaan op 'n terrein verwant aan plaaslike regering wil volg maar nie finansieel in staat is om 'n hoër kwalifikasie te verwerf nie.

Rdl. Arnie Africa, die voorsitter van Overstrand se portefeuljekomitee oor bestuursdienste, se raad aan die beurshouers was om "van meet af aan skouer aan die wiel te sit en deurentyd gedissiplineerd te bly, maar om dan en wan darem ook 'n bietjie pret te hê".

OVERSTRAND SE 2021-MATRIEKS WARE UITBLINKERS!

Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, is verheug oor die fantastiese resultate wat Overstrand se matrikulante in 2021 se eksamens vir die Nasionale Senior Sertifikaat, GCSE en IGCSE behaal het: "Julle pluk nou die vrugte van die harde werk wat julle in hierdie moeilike tye moes insit, en almal van julle verdien die hoogste lof. Ons wens julle alles van die beste toe met dié wete dat julle Overstrand se naam altyd hoog sal hou, ongeag wat julle in die toekoms mag onderneem."

Ook diegene wat nie so goed gevaar het nie, is deur die Burgemeester aangespoor om nie moed te verloor nie: "Moenie handdoek ingooi nie, probeer weer of dink daaraan om een van die vele ander opsies wat ons onderwysstelsel bied, te oorweeg."

Sy het ook haar opregte dank uitgespreek teenoor al die leerkragte en gesinslede wat – danksy hulle mentorskap, ondersteuning en aanmoediging – 2021 se matrikulante gehelp het om hierdie betekenisvolle mylpaal op hul weg na selfverwesenliking te behaal.

Vir die jaar 2021 het Hoërskool Hermanus, Curro Hermanus, Northcliff House College en Generation Schools 'n slaagsyfer van 100% behaal; Hawston Sekondêr 'n slaagsyfer van 75,8%, Gansbaai Akademia 73,8% en Qhayiya Sekondêr 71.29%.

KNOOP-IN-DIE-PINKIE: Vaste afspraak met Burgemeester elke Eerste Donderdag

Om Overstrand se inwoners van 'n platform te voorsien waar hulle hul sê kan sê – hetsy om hul kommer te lug of 'n voorstel te maak – het die Burgemeester met ingang Februarie 2022, soos sy dit noem, die "Eerste Donderdag"-geleenthede heringestel.

Heelwat mense het vir die eerste geleentheid wat in Hermanus gehou is, opgedaag en die volgende een sal op Donderdag, 3 Maart 2022 van 17:00 – 19:00 in die munisipale ouditorium gehou word. Inwoners van oral in Overstrand is baie welkom om dit by te woon.

Die voorneme is egter om hierdie geleenthede sommer so gou as April 2022 ook na ander dorpe uit te brei. Hou die pers en sosiale media vir verdere besonderhede dop.

In hoofsaak stel die vergaderings die Burgemeester en haar span in staat om inwoners van aangesig tot aangesig te ontmoet, te luister na waaroor hulle besorg is en voorstelle uit te ruil oor hoe daar op 'n haalbare en volhoubare wyse werkgemaak kan word van die uitdagings waarmee Overstranders gekonfronteer word.

'n Ope uitnodiging word aan 'n ieder en 'n elk gerig om die geleenthede by te woon, en dit is nie nodig om te laat weet dat jy wel daar sal wees nie.

Sessies word kort en kragtig gehou sodat soveel mense as moontlik geakkommodeer kan word.

Lede van Overstrand se burgemeesterskomitee en senior bestuur het die "Eerste Donderdag" -geleentheid wat op 3 Februarie in Hermanus gehou is, benut om te luister na inwoners se besorgdhede en om voorstelle uit te ruil:

Burgemeester Annelie Rabie en Munisipale Bestuurder Dean O'Neill

Rdl. Ronald Nutt en Roderick Williams (Gemeenskapsdienste)

Rdl. Arnie Africa en Desireé Arrison (Bestuursdienste)

BLITSMENINGSOPNAME SAL 3C-STRATEGIE TOELIG

As deel van die nuwe uitvoerende span se plan vir die eerste 100 dae van hul ampstermyn is die openbare persepsie van Munisipaliteit Overstrand onder gemeenskapslede in 'n kitsopname getoets.

Uitvoerende Burgemeester Annelie Rabie het die 2 574 respondente wat aan dié opname deelgeneem het bedank vir hul eerlikheid, en bygevoeg dat sy besig is om deur elk van daardie terugvoering te lees en tot dusver net meer as 'n duisend bestudeer het.

"Oor die algemeen is die respondente se beskouing van die munisipaliteit positief, maar daar is ongetwyfeld ruimte vir verbetering, veral ten opsigte van hoe ons met gemeenskappe in gesprek tree, of nie," het sy gesê en bygevoeg dat die resultate van hierdie opname gebruik sal word om die 3C-doelwitte (*communicate, curb crime, cut costs*) wat die uitvoerende span vir sy ampstermyn gestel het, te fasiliteer en te informeer.

Met verwysing na kommunikasie, het die Burgemeester onderneem om die munisipaliteit se benadering tot skakeling met die gemeenskap en die middele wat hiervoor ingespan word so gou doenlik na afloop van die eerste 100 dae van die ampstermyn onder die loep te neem.

PETISIE: SÊ "NEE" VIR ESKOM SE VOORGESTELDE TARIEFVERHOGING!

Munisipaliteit Overstrand staan Eskom se aansoek om 'n 20,5%-tariefverhoging in die 2022/2023-boekjaar teen.

As plaaslike owerheid is ons argument dat 'n verhoging in lyn met die verbruikersprysindeks (VPI) van 5,5% redeliker sal wees.

Voorts gaan Eskom se voorgestelde verhogings van 20,5%, 15,07% en 10% oor die volgende drie jaar 'n nadelige impak op die ekonomie hê gegewe dat die bedrywighede van verskeie vername sektore van elektrisiteit afhanklik is.

Kom ons staan saam in ons beswaar teen hierdie voorgestelde prysverhoging: Gaan na www.overstrand.gov.za, klik op MEDIA, rol af tot by "SURVEYS" en klik op ESKOM of volg hierdie skakel: https://www.overstrand.gov.za/en/media-section/surveys/eskom

Hoe meer familielede, hoe meer vriende en hoe meer bure jy werf om ook beswaar aan te teken, hoe beter die kans dat daar gehoor gegee sal word aan ons petisie en hoe beter die kanse dat ons 'n prysstyging kan vermy wat uiters nadelig vir almal van ons gaan wees.

So, doen asseblief jou bes om so veel as moontlik ondertekenaars te werf!

IMPAK VAN BEURTKRAG OP HERMANUSVERKEER SE DIENSTE ONVERMYDELIK

Ten tyde van kragonderbrekings, skop kragopwekkers onmiddellik in by die meeste van Overstrand se administratiewe kantore. Ongelukkig geld dit nog nie vir Verkeersdienste in Hermanus nie.

Maar, wees gerus, maatreëls is reeds getref om 'n diensverskaffer aan te stel ten einde die kapasiteit wat deur hierdie kantoor benodig word, te bepaal en fondse is geoormerk om die installasie van 'n kragopwekker te dek sodra die betrokke tender gefinaliseer is.

Selfs al is Hermanusverkeer se kantore nie ten tyde van kragonderbrekings gesluit nie, doen ons 'n beroep op die publiek om te verstaan dat die onderskeie afdelings, tot tyd en wyl, net sekere dienste – soos uiteengesit – onder hierdie omstandighede sal kan lewer:

REGISTRASIE VAN MOTORVOERTUIE

Moontlik:

- Gee van raad oor en verlening van hulp met die invul van die korrekte vorms
- Uitreik van lisensieskyfies wat reeds via EFT betaal is

Onmoontlik

- Fisiese transaksies op e-NaVIS
- Bepaling van bedrae betaalbaar vir hernuwing van voertuiglisensies
- Vaslegging van padwaardigheidsaansoeke

BOETES

Moontlik:

- Behartiging van algemene navrae en aanvaarding van vertoë
- Indiening van kennisgewings ingevolge artikel 56 en artikel 341
- Indiening van dokumentasie oor spoedoortredings en voorbereiding van verbandhoudende kennisgewings

Onmoontlik

- Kontrolering van die status van boetes/hofuitsprake
- Vaslegging van boetes/spoedoortredings
- Uitdruk van spoedkennisgewings
- Hantering van telefoniese navrae

RYBEWYSTOETSE

Moontlik:

- Gee van raad oor en verlening van hulp met die invul van vorms verwant aan hernuwings/nuwe aansoeke
- Uitreik van rybewyskaartjies wat reeds verwerk is
- Aanbied van klasse vir leerlingbestuurders
- Uitvoer van fisiese bestuurderstoetse

Onmoontlik

- Maak van afsprake vir rybewys-, PRDP- en leerlingbestuurdertoetse
- Vaslegging van die besonderhede van leerderbestuurders wat hul onderskeie toetse geslaag het
- Verwerking van navrae en dokumentasie op e-NaVIS
- Verwerking van CPA-navrae

TOETSING VAN VOERTUIE

Moontlik:

- Hertoets van motorfietse, sleepwaens en karavane
- Hulpverlening met die voltooiing van die nodige vorms/aansoeke om padwaardigheid
- Lewering van advies oor die status van voertuie volgende op 'n padwaardigheidstoets

Onmoontlik

- Fisiese toetse van voertuie se remme en vering